



HUISKERKLITURGIE

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR

TUINEDAL
huisgesin van God

Sondag, 22 November 2020

Eksodus 17:1-7

Ons kyk terug en glo vorentoe

- ✓ As jy alleen is, maak gebruik van sosiale media of WhatsApp calls, Telegram of Zoom en doen dit saam met 'n geliefde.
- ✓ Vergader op 'n gemaklike plek waar julle nie gesteur kan word nie.
- ✓ Stel jou selfoon sodat jy nie gepla word nie.
- ✓ Sorg dat 'n **stuk papier en pen** byderhand is indien jy notas wil maak.

Ons ontmoet God

- ✓ Raak vir 'n oomblik stil en fokus jou gedagtes op die ontmoeting.
- ✓ Laat een van die gesinslede/groeplede 'n kers as 'n simbool van God se teenwoordigheid aansteek.
- ✓ Laat iemand 'n gebed doen om God se teenwoordigheid te vier.

Ons ontmoet mekaar

In hierdie ontmoeting moet ons 'n paar goed in gedagte hou:

- ✓ God is die een wat die inisiatief neem:
- ✓ Hy **roep** ons uit die daaglikse gang van die lewe, Hy **maak** ons **bymekaar** om ons geloof te bou en te versterk en Hy **stuur** ons weer uit om dit te gaan leef!
- ✓ Groet mekaar met: "Mag jy God hoor, mag jy verstaan wat Hy sê en dit dan gaan leef en doen."

Luister na Ds Pieter se voice note op verskillende platvorms (WA 0614703626 & www.tuinedal.co.za)

Ons lees die Woord (Eksodus 17:1-7)

Agtergrond

Die naam *Eksodus* is afgelei van die Griekse en Latynse name wat 'uittog' beteken.

Eksodus is die tweede boek in die Ou Testament en vorm deel van die eerste vyf boeke, die Pentateug, wat in Hebreeus bekend staan as die *Tora*. Die woord *Tora* word gewoonlik vertaal as "wet" maar kan ook 'onderrig' beteken. In die Nuwe Testament word na die Pentateug verwys as "Die Wet" (vgl. bv. Matt 12:5).

Die belangrikste tema in Eksodus is die vraag oor die HERE in sy verhouding met Israel. Hy is die God wat sy volk verlos uit slawerny en wat telkens bereid is om hulle te vergewe, selfs wanneer hulle die verbond verbreek. In Eksodus 34:6-7 word sy gesindheid en optrede teenoor sy volk saamgevat in wat as 'n belydenis van Israel beskou kan word. Die verwagte optrede van Israel teenoor die HERE word saamgevat in die Tien Gebooie (Eks 20:1-17) en die twaalf voorskrifte in Eksodus 34:12-26.

In ons fokusteks plaas Israel Moses se leierskap onder verdenking. Hulle hou Moses verantwoordelik vir die dors wat hulle moet verduur. Die sterk ironiese ondertoon van hierdie aanklag is duidelik. Die volk se ongelowige ongeduld kom na vore in hulle klag teen die Here en Moses.

“¹Nadat die hele volk Israel uit die Sinwoestyn vertrek het, het hulle op bevel van die Here van plek tot plek gegaan totdat hulle by Refidim kamp opgeslaan het. Maar daar was geen water vir die volk om te drink nie. ²Toe het die volk met Moses rusie gemaak en gesê: “Gee jý vir ons water om te drink!” En Moses antwoord hulle: “Waarom maak julle rusie met my? Waarom stel julle die geduld van die Here op die proef?” ³Maar die volk was dors en hulle het vir Moses verwytd: “Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom?” ⁴Daarna het Moses tot die Here geroep: “Wat moet ek met hierdie volk aanvang? Netnou gooi hulle my met klippe dood.” ⁵Toe sê die Here vir Moses: “Loop voor die volk verby en neem van die leiers van Israel saam. Vat ook die kerie ***waarmee jy op die Nyl se water geslaan het***, en stap vooruit. ⁶Ek sal daar reg voor jou op die rots ***by Horeb*** staan. Dan moet jy teen die rots slaan, en daar sal water uitloop vir die volk om te drink.” Moses het dit toe gedoen voor die oë van die leiers van Israel. ⁷Hy het die plek Massa en Meriba genoem omdat die Israeliete daar met Moses rusie gemaak het en ook omdat hulle die geduld van die Here op die proef gestel het toe hulle gesê het: “Is die Here by ons of nie?”

Ons praat saam

Daar is 'n sub-teks aan hierdie verhaal wat ons ook in ag moet neem as ons die betekenis daarvan wil ontdek. Die volgende verse toon hoe die volk eintlik maar kla-kouse was. Daar is 'n patroon van klag – voorsiening – klag – voorsiening. En steeds kla hulle!

Hoofstuk 15: “²²Moses het die Israeliete laat wegtrek van die Rietsee af en hulle het na die Surwoestyn toe gegaan. Hulle het drie dae lank die woestyn in getrek en geen water gekry nie. ²³Toe hulle by Mara aankom, kon hulle nie die water drink nie, omdat dit bitter was. Daarom het hulle die plek Mara genoem. ²⁴Die volk het by Moses gekla: “Wat moet ons drink?”

Nadat die Here die water soet gemaak het, gee Hy veel meer as wat hulle gevra het:

“²⁷Daarna het hulle by Elim aangekom met sy twaalf fonteine en sewentig palmbome en daar by die water kamp opgeslaan.”

Hoofstuk 16: ¹Nadat hulle Elim verlaat het, het die hele volk Israel in die Sinwoestyn aangekom wat tussen Elim en Sinai lê. Dit was op die vyftiende van die tweede maand nadat hulle uit Egipte getrek het. ²In die woestyn het die hele volk hulle teenoor Moses en Aäron begin verset ³en gesê: “As ons maar liever in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom.”

...

“³⁵Die Israëliete het veertig jaar lank manna geëet; hulle het dit geëet totdat hulle bewoonde gebied bereik het, tot hulle by die grens van Kanaän gekom het.”

- Sien julle die patroon raak? Die Israëliete kla (*ten spyte van God se beloftes*) – God voorsien (*baie meer as wat hulle vra*) – en steeds kla die Israëliete weer.

'n Billike vraag?

Die toppunt van die Israëliete se onvergenoegdheid word illustreer deur die vraag:

“Is die Here by ons of nie?”(v7)

- In die tyd waarin ons leef, is dit 'n heel legitieme vraag of die Here steeds by ons is. Vertel aan mekaar van 'n situasie in jou lewe waar jy oor hierdie vraag gewonder het. Indien jy 'n antwoord op jou vraag ontvang het, wat was die antwoord?

Let op hoe Moses die Israëliete antwoord. Onthou hulle daag hom uit en trek sy leierskap in twyfel. Boonop hunker hulle steeds na Egipte. Moses verval nie in persoonlike verontskuldiging nie (*anders as meeste leiers vandag*). Hy beklemtoon eerder die feit dat God steeds mildadiglik vir sy volk sorg.

Die teks antwoord die vraag!

Die volk se vraag: “Is die Here by ons of nie?”(v7) word vindingryk deur die teks geantwoord (verwys na vetgedrukte dele in die teks). Moses herinner hulle aan God se voortgaande bemoeienis met hulle:

- “Nadat die hele volk Israel uit die Sinwoestyn vertrek het, het hulle **op bevel van die Here van plek tot plek gegaan**” – Hulle GPS in die woestyn is die Here. Dis Hy wat hulle op koers hou en veilig hou!
- “... waarmee jy op die Nyl se water geslaan het...” – Met hierdie frase word die volk herinner aan God se groot daad van verlossing van die verlede!
- “... by Horeb” – Dis op hierdie berg dat die volk gehoor het: “Ek is die Here jou God wat jou uit slawerny bevry het”

Moses laat die volk dus terug kyk met die doel om op grond van God se troue liefde hulle vertrouwe vir die toekoms te versterk.

- Kyk jy met geloof vorentoe? Vertel aan mekaar hoe jou lewenspad met die Here jou help om dit te doen.

Die vraag en antwoord spoel oor na die Nuwe Testament

Die volk se vraag eggo deur die eeue in die Christus-verhaal: Jesus hang aan 'n kruis en sê: **“Ek het dors.”** – net soos die Israeliete. Hy wonder dan ook soos hulle: **“My God, my God waarom het U my verlaat?”**

Miskien het jy 'n dieper dors (soos die Samaritaanse vrou wat by die put sit). Dalk is jy moeg gesoek na die water wat jou erge dors sal les. Jesus is die antwoord.

Ons vier saam

Vandag vier die kerk reg oor die wêreld **Christus as die Koning**. Hy is die een wat gekom het dat ons nooit weer dors hoef te wees nie en dat ons nooit weer alleen hoef te wees nie.

Vier dit saam met ons deur te kyk en luister na die pragtige Zoeloe lied: “Ukuthula” gesing deur die Pallisander Kamerkoor. Gaan na die *You Tube*-skakel:

<https://youtu.be/aS56mrPvG34>



Ons bid vir mekaar

Maak gebruik van die gebedsversoeke in ons Bulletin. Laat elkeen 'n versoek kies en bid dan daarvoor.

Seën

Ontvang die seën van die Here en gaan in vrede:

Mag jy in hierdie dae bewus bly van Christus as die koning in jou lewe!

Mag jy dankbaar terug kyk en met geloof vorentoe leef en doen.

Deur die kragvolle werking van die Heilige Gees.